22. LITURGIESE SAKE
22. LITURGICAL AFFAIRS

22.1 RAPPORT 1: DEPUTATE LITURGIESE SAKE – AFRIKAANSE LIEDERE (Art 47)

22.1 REPORT 1: DEPUTIES LITURGICAL AFFAIRS – AFRIKAANS HYMNS (Art 47)

A. Ds JL van der Schyff stel die Rapport.
Rev. JL van der Schyff tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

Beoordeling van Psalms, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere	**Evaluation of Psalms, Scripture Versifications and Scripturally Sound Hymns**
1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod takes note of**
1.1 *Opdrag*: Die Algemene Sinode gee aan die Deputategroep om Psalmberymings, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere wat voorgelê word aan die hand van die Omvattende Beginselraamwerk te beoordeel.	1.1 *Instruction*: The General Synod instructs the Deputies to evaluate the Psalm versifications, Scripture versifications and Scripturally sound hymns submitted according to the Comprehensive Principle Framework.
1.2 Die volgende berymings is deur die Deputate ontvang:	1.2 The Deputies received the following versifications:
1.2.1 "Aan U, HERE" (beryming van 1 Kronieke 29:11-13 deur sr Bertha Martiz, GK Bloemfontein-Suidheuwels). Aan die Algemene Sinode wat in 2018 gesit het, is gerapporteer dat die berymer nog aan die beryming verfyningswerk wat die Deputate aanbeveel het, doen.	1.2.1 "Aan U, HERE" (versification of 1 Chronicles 29:11-13 by Sr Bertha Martiz, GK Bloemfontein-Suidheuwels). It was reported to General Synod 2018 that Sr Bertha was still refining the versification, which the Deputies recommended.
1.2.2 Gebed by die Nagmaal (berym deur WJ Wright en voorgelê deur ds Alwyn Tredoux).	1.2.2 Prayer at the Lord's Supper (versified by WJ Wright and submitted by Rev. Alwyn Tredoux).
1.2.3 Nuwe-Testamentiese Psalm (berym deur WJ Wright en voorgelê deur ds Alwyn Tredoux).	1.2.3 New Testament Psalm (versified by WJ Wright and submitted by Rev. Alwyn Tredoux).
1.2.4 'n Bundel van liedere voorgelê deur br JH (Hennie) van der Merwe.	1.2.4 A volume of hymns submitted by Br JH (Hennie) van der Merwe.
1.2.5 "Gaan dan en maak dissipels" (beryming van Matteus 28:18-20 deur br Pieter en sr Maureen van Helden voorgelê deur die Kerkraad GK Trinitas).	1.2.5 "Gaan dan en maak dissipels" (versification of Matthew 28:18-20 by Br Pieter and Sr Maureen van Helden submitted by the Church Council of GK Trinitas).
1.2.6 "Ons eer U, Vader" (Skrifgetroue Lied deur prof Amie van Wyk bedoel as derde vers by Sb 12-3, voorgelê deur	1.2.6 "Ons eer U, Vader" (Scripturally sound song by Prof Amie van Wyk intended as third verse to Scripture versification

br Nannes van der Walt).	12-3, submitted by Br Nannes van der Walt).
1.2.7 "Nogtans sal ek juig" (Skrifgetroue Lied deur prof Amie van Wyk bedoel as tweede vers by Sb 14-2 voorgelê deur br Nannes van der Walt).	1.2.7 "Nogtans sal ek juig" (Scripturally sound hymn by Prof Amie van Wyk intended as second verse to Scripture Versification 14-2, submitted by Br Nannes van der Walt).
1.3 Die liedere wat ontvang is, is aan die hand van die Omvattende Beginselraamwerk oorweeg. Dit is na die liedteksdigters met die nodige kommentaar terugverwys vir verfyningswerk.	1.3 The songs received were evaluated according to the Comprehensive Principle Framework. They were then referred back to the lyricists, with the relevant comments, for refining.
1.4 Geen Skrifberymings of Skrifgetroue Liedere wat spesifiek gerig is op Hemelvaart en Pinkster is ontvang nie.	1.4 No Scripture versifications or Scripturally sound songs specifically related to ascension and Pentecost were received.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.4 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decides on**
2.1 Dat die beryming van 1 Kronieke 29:11-13 as Skrifberyming 1-10 vir gebruik in die kerke aanbeveel word.	2.1. The versification of 1 Chronicles 29:11-13 as Scripture Versification 1-10 should be recommended for use in the churches.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**

Skrifberyming 1-10 – Aan U, Heer

1-10:1

Aan U, Heer, kom toe die grootheid
en die mag en heerlikheid
en die roem en majesteit, ja,
in die hemel en op aard'!
U, o Here! U, o Here –
kom toe roem en majesteit!

1-10:2

Aan U – as die Hoof oor alles –
kom toe eer en koningskap
en U selfverhoging Here,
en die rykdom en die eer!
U, die Hoof, ja! U, die Hoof, ja,
kom toe eer en koningskap!

1-10:3

U, o Heer¸ U heers oor alles!
In u hand is krag en mag;
U kan alles groot en sterk maak;
onse God, ons loof u Naam!
Loof u Naam, Heer! Loof u Naam, Heer!
Loof en prys u grote Naam!
1 Kronieke 29:11-13

Teks: Berta Maritz 2023 ©
Melodie: REGENT SQUARE – Henry Smart 1867

2.2. Dat die Skrifgetroue Lied van prof Amie van Wyk, "Nogtans sal ek juig", as Skrifberyming 14-6 vir gebruik in die kerke aanbeveel word.	2.2 The Scripturally sound song of Prof Amie van Wyk, "Nogtans sal ek juig", should be recommended for use in the churches as Scripture Versification 14-6.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**

Skrifberyming 14-6 – Nogtans sal ek juig

Al sou dan ook die bose magte toeslaan,
al sou selfs alles om my heen vergaan;

die son verdof, die lewensvreugde wegkwyn,
die ganse skepping sug, te gronde gaan –
nóg sal ek juig in Christus, Heiland, Heer!
U maak my sterk, oorwin die dood.
U maak die aarde nuut, die hemel vry.
In U, o God, verbly ek my!

Teks: JH van Wyk 2007 © **Melodie:** O STURE GUD – waarskynlik Sweedse volksmelodie E19 (aangepas) © *Kingsway / Thankyou Music;* USA.

2.3 Dat daar weer Deputate benoem word met die opdrag om Psalms, Skrifberymings en Skrifgetroue Liedere wat aan die hand van die Omvattende Beginselraamwerk gemotiveer en voorgelê word, te keur en daaroor aan die Algemene Sinode aanbevelings te doen.	2.3. Deputies should be appointed to evaluate Psalms, Scripture versifications and Scripturally sound songs submitted and motivated according to the Comprehensive Principle Framework and offer recommendations to the General Synod.
2.4 Dat daar opnuut 'n oproep gerig word aan lidmate met die nodige gawes om liedtekste voor te lê wat spesifiek gerig is op die herdenking van Hemelvaart en Pinkster.	2.4. Members with the necessary gifts should be called on anew to submit song lyrics specifically aimed at observing Ascension Day and Pentecost.
Besluit: Punte 2.3 en 2.4 goedgekeur.	**Decision: Points 2.3 and 2.4 approved.**